



Finansies Beleid: Beleggings en rente op fondse

Tipe dokument:	Beleid
Doel van die beleid:	Die beleid verskaf die finansiële riglyne ten opsigte van beleggings en rente betaal en ontvang op kostepunte.
Goedgekeur deur:	US Raad
Goedkeuringsdatum:	5/4/2009
Implementeringsdatum:	2009
Datum van volgende Hersiening:	Soos nodig
Datum(s) van vorige Hersienings:	Geen
Beleideienaar²³:	Uitvoerende Bedryfshoof
Beleidkurator²⁴:	Hoofdirekteur: Finansies
Sleutelwoorde:	Beleggings, Rente, Kostepunte, Langtermynfondse, Korttermynfondse
Geldende Weergawe:	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

²³ Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikeheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

²⁴ Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

2.21

BELEGGINGS EN RENTE OP FONDSE

Bestek: Die beleid verskaf die finansiële riglyne ten opsigte van beleggings en rente betaal en ontvang op kostepunte.

Beleid:

BELEGGINGS

Fondse kan op 'n lang- of korttermynbasis belê word:

Korttermynfondse

Korttermynfondse verdien rente teen die wisselende koers wat maandeliks gerealiseer word by verskeie depositonemende instansies.

Langtermynfondse

Langtermynfondse word bestuur deur die Universiteit se eksterne portefeuljebestuurder. Dit word belê in aandele, staatseffekte en ander beleggingsinstrumente. Die inkomste op langtermynbeleggings, wat jaarliks in Desember toegedeel word, is uiteraard laer as korttermynrente, aangesien 'n deel van die opbrengs kapitaalgroei is. Die kapitaalwins óf -verlies word gerealiseer en toegedeel wanneer fondse uit die langtermynbeleggingspoel onttrek word.

RENTE OP FONDSE

Die nie-begrotings kostepunte (gewoonlik navorsingskostepunte) ontvang rente op batige saldo's en op oortrokke saldo's word weer rente gehef. Die rekeningnommers van toepassing is soos volg:

5705 – Diverse rente ontvangste

2146 – Diverse rente betalings

Kontak afdeling:

Finansiële Beplanning en Batebestuur